Die 1857-1862 Herlewing

Wanneer God kom

Bennie Mostert

Jerigo Mure Publikasie

Bestel van:

Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk

Privaatsak X22

Lynnwoodrif

0040

Suid-Afrika

Tel.: +27 12 365 3213

Faks: +27 12 365 3214

E-pos: info@jwipn.com

Webruimte: www.jwipn.com

Voorwoord

2010 is die 150ste herdenking van die 1857-1862 herlewing in Suid-Afrika. Oor die afgelope aantal jare het ek agtergekom dat baie mense nie van hierdie herlewing weet nie. Dit is o.a. uit hierdie herlewing dat die NG Kerk in 1867 begin het met 'n jaarlikse instelling van 10 dae van gebed voor Pinkster Sondag. Die herlewing het in 1860 in Montagu begin en na Worcester, Paarl, Wellington en baie ander plekke in ons land versprei. Die eerste tekens van herlewing was reeds in 1857 in KwaZulu Natal en in 1858-1859 in die Oos-Kaap onder die Xhosas sigbaar, maar dit het eers in 1860 landswyd uitgebreek.

Wanneer ‘n mens die verhaal van die 1857-1862 herlewing lees, sien ‘n mens die krag van ‘n herlewing. Dit vee eenvoudig alle goddeloosheid uit die pad. Ons sien God in Sy Almag aan die werk. Ons sien die Heilige Gees soos ‘n stormwind wat alles in Sy pad wegvee. (Eks.14:21; 15:10) Ons sien dat wanneer die vyand soos ‘n rivier aanstorm, die Gees van God kom en dit eenvoudig op loop jaag. (Jes.59:19)

Twee van die grootste wanopvattings rondom herlewing is 1) dat herlewing slégs oor die redding van mense gaan en 2) dat dit iets is wat in die kerk gebeur, maar min sigbare verskil in die gemeenskap daar buite maak. Die feit is dat elke herlewing, ook die 1857-1862 herlewing, ‘n enorme sosiale impak gehad het. Min mense weet byvoorbeeld dat daar in baie lande skole en universiteite as direkte gevolg van hierdie herlewing tot stand gekom het. Die duisende sendelinge wat uitgegaan het na die onbereiktes het ‘n holistiese benadering tot sending gehad. Gevolglik het hulle orals waar hulle gekom het, hospitale en skole opgerig, landbou bevorder en selfs ‘n bydrae tot publieke administrasie gelewer. Mense wat deur die herlewing aangeraak is, het begin om elke vorm van menslike nood in hulle gemeenskappe aan te spreek: voedingskemas vir mense in nood is gestig, behuising vir haweloses en ongehude moeders is geskep; rehabilitasiesentrums vir alkoholiste, weeshuise, prostitute en psigiatriese inrigtings is opgerig en dierebeskermingsverenigings het tot stand gekom. Daar is ook beding vir die basiese regte van werkers en slawehandel is deur wetgewing teengestaan. Wetgewing

om kinderarbeid onwettig verklaar te kry, jeugmisdadigers te beskerm en verskeie ander vorme van wetgewing vir die beperking van verskillende vorme van geweld en uitbuiting van mense wat magteloos was om vir hulleself te veg, is in baie gevalle deur Christene geïnisieer.

Dit word bv. algemeen aanvaar dat New York die plek is waar die 1857-1862 wêreldwye herlewing begin het. Die *Laymen's Prayer Revival* of *The Fourth Great Awakening* het in New York in 1857 begin en regoor die wêreld na baie lande versprei, o.a. ook na Suid-Afrika. Beskrywings word gegee van die herlewing in New York, Wallis, Ierland en Skotland. Dit dien as agtergrond van wat God in 1860 in Suid-Afrika gedoen het.

Die inligting in hierdie boek is saamgestel en verwerk vanuit die boeke in die bronnelys aan die einde. Boeke wat oor hierdie herlewings geskryf is, gebruik meestal dieselfde basiese bronne. Ek maak nie aanspraak op oorspronklike navorsing nie.

Baie belangrik: moenie hierdie boek as 'n stukkie interessante kerkgeskiedenis lees nie – daar is 'n belangrike vraag wat ons elkeen vir onsself moet afvra, nl.: Kan God dit weer doen? Kan God weer in Suid-Afrika herlewing gee, of het Sy mag minder geword? Of soos iemand dit uitgedruk het: Waar is die God van Elia? Die antwoord op hierdie vraag is voor die hand liggend; God is vandag waar Hy nog altyd was: op die troon. Hoor wat die Gees vir jóú sê.

Hoofstuk 1

New York 1857-58

Die 1857-1858 herlewing was een van die grootste herlewings in die geskiedenis van Amerika. Sommige noem dit die *Vierde Groot Ontwaking* van Amerika. Ander praat daarvan as die *Laymen's Prayer Revival* omdat baie van die leiers daarvan gewone lidmate en sakemanne was.

Die toestand van Amerika in 1857

Die geestelike toestand van die kerk het na die Tweede en Derde Groot Ontwaking (herlewingsperiodes) in die VSA (1789 tot 1835), drasties agteruit gegaan. Kerkbywoning het bly afneem en die aantal bekerings het al hoe minder geword.

Net voor die uitbreek van die herlewing in 1857-58 was daar 'n ineenstorting van die bankstelsel in Amerika sowel as in Europa. Vervoer en handel is belemmer as gevolg van die lang en koue winter van 1856-1857. Daar was 'n mate van verligting in die lente van 1857, maar teen die einde van die somer het besighede begin ineenstort. Mense het paniekerig geraak toe die Ohio Lewensversekering en Trust maatskappy in Cincinnati, asook 'n tak in *New York City* net voor September 1857 toegemaak het. Baie banke het nie meer besigheid gedoen nie, o.a. agtien van *New York City* se belangrikste banke. Op die 14de Oktober 1857 het die oorkoepelende bankstelsel van die Verenigde State ineengestort, wat weer gelei het tot die finansiële ondergang van honderde duisende mense in New York, Philadelphia, Boston en die industriële areas van Amerika. Massa-histerie het gevolg en veroorsaak dat ryk mense letterlik oornag bankrot geraak het. Selfmoord en moord het toegeneem. Gebroke en verslae mense het in die strate van die stede rondgedwaal.

Die historikus, James Edwin Orr, het die toestand van Amerika soos volg opgesom:

1. Wins, dobbel en gierigheid het hoogty gevier. Daar was uitspattige rykdom teenoor ellende en armoede; die gaping tussen ryk en arm het net groter geword en saam daarmee was daar ‘n toename in geweldsmisdaad.
2. Daar was ook 'n onrusbarende toename in okkultiese bedrywighede omdat mense wat teleurgesteld was in die kerk, ander opsies begin oorweeg het.
3. Immoraliteit, 'n *playboy* tipe filosofie van vrye liefde, is voorgehou en deur baie aanvaar.
4. Ekonomiese en politieke korrupsie het toegeneem - omkopery en onwettige besigheidspraktyke het floreer en nasionale wetgewing het steeds slawerny goedgekeur.
5. Ateïsme, agnostisisme, apatie, onverskilligheid teenoor God en spottery met God was aan die orde van die dag.

Die verval was vyfvoudig: sosiaal, moreel, polities, geestelik en ekonomies.

Die invloed van Finney en die Palmers op die 1857-1858 herlewing

Charles Finney is een van die predikers wat die pad voorberei het vir die 1857-1858 herlewing. Sy boeke en lering oor herlewing, o.a. die *Memoirs of Rev. Charles G. Finney* is kragtig deur God gebruik as voorbereiding vir die 1857-1858 herlewing. In 1851 het Finney byeenkomste in Syracuse gehou en mense het tot bekering begin kom. Iemand het later geskryf dat dit gelyk het asof die hele stad tot bekering gekom het. Ongeveer 100 000 bekerings word op een of ander manier aan hierdie byeenkomste verbind. In 1856 breek herlewing in Rochester uit terwyl Finney daar dienste gehou het. Hierdie herlewing word deur die geskiedskrywers van daardie periode as die “grootste herlewing ooit in die geskiedenis van die kerk” beskryf en het ook ‘n besliste invloed op New York gehad. In dieselfde jaar het God Finney ook in Boston gebruik, waar hy hoofsaaklik in die Parkstraat gemeente gepreek het. Honderde gemeenteleiers van regoor die Verenigde State het in 1857 na hom kom luister. Dit het gehelp om baie predikers voor te berei op die herlewing wat sou kom.

Walter en (veral) Phoebe Palmer is ook kragtig deur God gebruik om mense vir die 1857-1858 herlewing voor te berei - op baie plekke het hulle bediening tot herlewing gelei. In die somer van 1857 het hulle kampe in Ontario en Quebec gehou wat soms deur tot soveel as 6000 mense bygewoon is. Herlewing het in Hamilton en Ontario in die herfs-seisoen van 1857 uitgebreek en het al die kenmerke gehad van die herlewingsgolf wat 'n paar weke later in New York begin het. Dit het wye mediadekking in koerante regoor Amerika gekry en die nuus het deur die Metodiste gemeentes begin versprei. Baie predikante het gesmag na herlewing en spoedig was daar verslae van plaaslike ontwakings regoor die Verenigde State.

Toename in gebed voor die 1857-1858 herlewing in New York

Dit was die gebedsbyeenkoms in die Nederduits-Gereformeerde kerk in Fultonstraat wat die vonk was wat tot gevolg gehad het dat die herlewing regoor die land en ook internasionaal uitgebreek het. Hierdie gebedsbyeenkoms het nie uit die lug geval nie. Vir bykans 15 jaar is gebedsbyeenkomste regoor New York en Boston gehou. In 1840 het die Parkstraat gemeente in Boston vir herlewing begin bid en daar is onmiddellik verandering in die gemeente gesien. Daar was skielik 'n buitengewone groei in lidmaatgetalle, maar na ongeveer vier jaar het die gebedsbyeenkomste opgehou.

Twee jaar later het die *Old South Church* in Boston egter begin om ernstig vir herlewing te bid en al hoe meer mense het hierdie gebedstye begin bywoon. In 1856 het hulle met ‘n kwartaallikse dag van vas en gebed begin. Mettertyd het honderde en dikwels duisende mense reg oor die hele stad vyf dae per week 08:00 in die oggende bymekaargekom om vir herlewing en die redding van verlorenes te bid. Mense in die *Old South Church* in Boston het agt jaar lank vir herlewing gebid. In 1857 het die gebede volgens geskiedskrywers dringender geword - mense het weer begin hoop kry en hulle vertroue in God is versterk.

Die grond was dus voorberei toe Jeremiah Lanphier mense gevra het om op Woensdag, 23 September 1857, van 12:00-13:00 te kom saambid. In 'n sekere sin was dit net nog 'n

gebedsbyeenkoms van besigheidsmanne en ander New Yorkers wat 'n passie gehad het om verandering in die sosiale, geestelike en ekonomiese situasie van New York en Amerika te sien. Hierdie spesifieke gebedsgeleentheid was egter die vonk wat die 1857 herlewing aan die brand gesteek het. Dit is belangrik om te verstaan dat hierdie herlewing nie gebore is uit ‘n enkele gebedsbyeenkoms nie.

Middag-uur gebedsbyeenkomste in New York

Jeremiah Lanphier, ‘n nuutaangestelde stadsendeling, was bekommerd oor die geestelike toestand van die kerk en die mense van New York. Hy besluit toe om met 'n middag-uur gebedsbyeenkoms tussen 12:00 en 13:00 te begin, omdat dit die etensuur van groot getalle besigheidsmanne en fabriekswerkers in die stad was. Hy het pamflette laat druk waarin hy mense na die gebedsbyeenkoms uitgenooi het - die eerste byeenkoms was op 23 September 1857, op die derde vloer van die konsistorie van die *Old Dutch Reformed Church* in Fultonstraat. Slegs ses mense het dit bygewoon. Die tweede week het 20 mense kom bid, die derde week 40 en die volgende week 100. Binne enkele weke was die kerk vol en het mense daagliks bymekaar gekom om tydens die middag-uur te bid. Mettertyd is daar ook op ander tye gebedsbyeenkomste gereël. In sommige gebedsbyeenkomste was daar tot 5000 mense. Voor die einde van 1857 was daar reeds honderde gevestigde gebedsbyeenkomste in baie areas en bywoning het daagliks gegroei. Teen Januarie 1858 het die koerante verslaggewers na die byeenkomste begin stuur. “*The Progress of the Revival*” het 'n staande nuusberig geword en herlewing het regoor die Verenigde State versprei.

'n Ooggetuie beskrywing van 'n tipiese middag-uur byeenkoms

Hierdie ooggetuie beskrywing gee iets weer van die atmosfeer, erns en eenvoud van die 1857 gebedsbyeenkomste. Moenie dat die argaïse taalgebruik jou verhinder om die kragtige werking van God te sien nie.

“Die gebedsbyeenkomste is gewoonlik vir presies 'n uur gehou: 12:00-13:00. Baie fabrieke het 11:55 ‘n fluit geblaas om mense te herinner aan die dag se gebedsbyeenkoms en 'n fluit is weer 13:05 geblaas as teken dat werk hervat sou word.

“Ons neem ons plekke tien minute voor 12 in die binnekamer in. 'n Paar dames het in die hoek gesit en daar was ook reeds ‘n paar sakemanne. Vyf minute voor twaalf word die kamer vinnig vol soos wat die mense instroom. Twee minute voor twaalf stap die leier in en gaan sit by die tafel. Stiptelik om twaalf-uur, wanneer die klok die eerste slag vir die aankondiging van die middag-uur slaan, staan die leier op en begin die byeenkoms deur twee of drie verse van 'n lied te lees. Elkeen kry 'n liedboek en sing met groot oorgawe saam. Die leier bid 'n kort en op die punt af gebed en lees dan 'n kort gedeelte uit die Skrif. 10 Minute is reeds verby. Intussen gee mense gebedsversoeke in koeverte aan na die tafel.

'n Gewyde stilte volg. Dit is heilige grond. Die leier staan met die versoeke in sy hand. Hy kondig aan: 'die byeenkoms is nou oop vir gebed. Broers en susters wat van ver af kom word spesiaal uitgenooi om deel te neem. Hou net die reëls in gedagte.

‘n Gewyde stilte volg. Daar is stille erns op die opgeligte gesigte. Die leier lees 'n versoek voor: "n Seun in Noord Carolina vra ernstige gebed van regverdiges in hierdie byeenkoms, vir sy ma in Connecticut se spoedige bekering...”

'n Pa staan vinnig op: 'Ek wil vra vir gebed vir twee seuns en 'n dogter.' Hy gaan sit en bars in trane uit, leun met sy kop op die reling van die sitplek voor hom en huil soos 'n kind, hartseer en gebroke.

'n Paar kort opmerkings volg. Die leier lees verder aan die versoeke in sy hand: “'n Suster wat saam met ons bid vra dat ons sal intree vir twee onbekeerde broers in Detroit, dat hulle tot bekering sal kom en ware dissipels van die Here Jesus Christus sal word.”

Nog 'n versoek volg: 'Daar word voorbidding gevra vir 'n jong teoloog wat afgedwaal het...'

Twee baie vurige, ernstige gebede volg kort op mekaar. Ander staan ook op om te bid, maar gaan sit weer omdat iemand anders begin bid het. Daarna begin almal 'n pragtige lied sing:

"There is a fountain filled with blood
Drawn from Immanuel's veins,
And sinners plunged beneath that flood
Lose all their guilty stains."

Een bid vir almal vir wie daar reeds gebid is, vir alle ongelowiges in die byeenkoms, vir die duisende verlorenes in die stad en vir herlewing regoor die land en wêreld.

Dit is nou kwart voor een. Tyd het op silwer vlerke verby gevlieg.

'n Matroos staan op (hy tree daagliks in vir ander matrose). Hy het aan boord van ‘n oorlogskip tot bekering gekom, was self 'n soldaat en weet hoe moeilik dit vir 'n bekeerde matroos is om op te staan vir sy geloof onder die bespotting en veroordeling van bemanningslede. "Ek is hier," sê hy, "om gebed vir iemand te vra wat my gevra het om julle te vra om vir hom in te tree, hy is 'n wedergebore matroos wie se skip vandag uitvaar. Ek het nou-net van hom afskeid geneem en hy is baie bang dat hy die Verlosser se saak oneer mag aandoen. Sal u asseblief vir hom bid?" Mense begin dadelik bid dat God hom sal bewaar, vashou en lei.

Die byeenkoms word afgesluit met 'n gesang en seëngroet. Paaie skei vir die volgende vier-en-twintig uur.”

Herlewingsverhale

Daar is aangrypende verhale van mense wat God ontmoet het tydens die herlewing in New York.

Die eienaar van 'n hardeware-winkel in New York het sakemanne by die Fultonstraat gebedsbyeenkoms uitgedaag om hulle besighede met integriteit en heilig te bedryf. 'n Bekende fabrieksbaas het hom daarna tot by sy winkel gevolg en erken dat hy vir jare oneerlik besigheid met hom gedoen het en dat hy daardie skuld wou terugbetaal.

Nuus het versprei dat ongereddes welkom is by die daaglikse gebedsbyeenkomste. Duisende het gekom. Daar is vir hulle gebid en baie het tot bekering gekom, o.a. geharde misdadigers. 'n Berugte misdadiger, met die naam van "*Awful Gardiner*", het tot almal se verbasing tydens een van die gebedsbyeenkomste tot bekering gekom. (Hy was net een van duisende wat op hierdie manier by God uitgekom het.)

'n Ma wat ernstig vir haar ses ongeredde kinders gebid het, is oorlede. Kort daarna het ‘n man tydens 'n gebedsbyeenkoms opgestaan en getuig dat hy die laaste een van daardie ma se ses kinders was wat tot bekering gekom het!

Honderde mense wat vroeër saans hul tyd in klubs en kroeë deurgebring het, het nou aandgebedsbyeenkomste begin bywoon. Letterlik duisende het hulle misdadige lewens laat staan en toegewyde volgelinge van Jesus Christus geword. Ryk mense het begin om armes te help, veral dié wat nou as broers en susters gereken is.

Selfs bemanningslede van skepe wat in die hawe van New York geanker was, het die krag van God se teenwoordigheid beleef. Daar is gesê dat wanneer die skepe naby New York gekom het, hulle ervaar het dat hulle 'n gebied binnegevaar het waar daar ‘n Goddelike teenwoordigheid was. Op een van die skepe het 'n kaptein en dertig bemanningslede tot bekering gekom nog voordat die skip in die hawe geanker het! Herlewing het ook op 'n oorlogskip, die *North Carolina*, uitgebreek. Vier van die

matrose het onder in die skip begin saambid. Een aand het hulle onder leiding van die Heilige Gees begin sing en ‘n groep goddelose matrose het ondertoe gehardloop om met hulle te spot, maar God se teenwoordigheid was so sterk dat hulle net daar onder sonde-oortuiging gekom en op hul knieë neergeval het. (Die geestelike nood op sommige van die skepe was soms so groot dat leraars in die hawestede gevra is om op die skepe te gaan help.)

In Maart 1858 het die *Prayer Journal* berig dat die groot stede en dorpe van *Maine* tot *California* deel was van hierdie geweldige gebedsbeweging en herlewing. Daar is beswaarlik 'n area of dorp waar daar nie tekens en getuienis van 'n buitengewone Goddelike krag is nie.

In Chicago het 2,000 mans bv. gereeld vir die middag-uur in die stadsaal bymekaargekom. In die *Jayne*-saal in *Philadelphia* het 4,000 mense gereeld bymekaargekom. 'n Bejaarde volkekundige, John Crozer, skryf in sy dagboek: "Ek dink ek was nog nooit by 'n opbouender en aangrypender gebedsgeleentheid nie. Die kamer was vol mense en daar was ‘n onmiskenbare teenwoordigheid van God.”

In Desember van 1857 het die bywoning van die weeklikse gesamentlike gebedsbyeenkomste in Utica, New York, so drasties toegeneem dat die grondvloer en balkon van die *First Presbyterian Church* na die derde gebedsbyeenkoms reeds vol was met mense wat deur die Heilige Gees aangeraak is. Oggend-gebedsbyeenkomste het kort daarna begin.

Na die afsluiting van 'n spesifieke gebedsbyeenkoms in die Anson-straat Presbiteriaanse kerk in *Charleston*, wou niemand die kerk verlaat nie. Gevolglik het hulle tot middernag daar gebly en die Here het kragtige wonderwerke gedoen.

Daarna het agt weke van daaglikse aand-gebedsbyeenkomste gevolg. Die skares het gegroei totdat daar daagliks tussen 1500 en 2000 mense bymekaargekom het vir gebed.

Die koerant *The New York Observer* het die volgende berig i.v.m. Waco in Texas: "Die gemeentebyeenkomste word dag en nag oorstroom met mense... Ons het nog nooit tevore in Texas gesien dat die hele gemeenskap so kragtig onder God se invloed was nie... totaal nuutgemaak."

Daar was ‘n nuwe eerbied vir God. Die Bybel het die standaard vir elke aspek van mense se lewens geword. Enige vorm van besigheid wat die gemeenskap skade aangedoen het, is as boos en verkeerd beskou. Mense in besighede het begin om eerlik en betroubaar te leef.

Minstens drie duisend mense in Newark, New Jersey, het Jesus as Verlosser aangeneem. In baie van die kleiner dorpe het min onbekeerde mense oorgebly. In *Haverhill, Massachusetts*, het die Gees van God kragtig gewerk onder die skares wat na die daaglikse gebedsbyeenkomste gekom het. Dikwels het die helfte van die mense begin huil onder sondeoortuiging. Een predikant het getuig dat ten minste een persoon uit elke gesin in sy gemeente ernstig bekommerd was oor sy/haar verhouding met die Here.

'n Man het na die gebedsbyeenkomste in Fultonstraat, New York, gegaan met die hoop dat iemand hom sou help om tot bekering te kom. Op 'n dag het hy gehoor dat 'n ma 'n geskrewe versoek vir gebed vir die redding van haar seun gerig het. Hy het uitgevind dat dit sý ma was wat die nota geskryf het! Kort daarna het hy Jesus as Verlosser aangeneem.

In *Kalamazoo, Michigan* het 'n vrou gebed vir die redding van haar man gevra. 'n Man het gereageer: 'Bid vir my. Ek is daardie man.' Vier ander mans het presies dieselfde gedoen. 'n Welgestelde jong man van *New York* het tydens so 'n middag-uur gebedsbyeenkoms tot bekering gekom. By die huis het hy die Bybel begin lees en met groot erns vir sy vrou en suster ingetree, waarna hulle saam met hom kom kniel en die Here aangeneem het!

'n Man het sy dogter onterf toe sy van die Here begin getuig. Toe hy egter ernstig siek word, het hy haar laat roep en om vergifnis gevra. Binne drie dae het haar getuienis haar pa, ma, twee broers en 'n suster na die Here gelei.

In New Hampshire was daar 'n plek wat *Hell Corner* genoem is. Hierdie mense het byna geen kontak na buite gehad nie. Hulle was bekend vir hulle goddeloosheid, vuil taal en gedobbel. Terwyl hulle eenkeer weer so gevloek, gedrink en goddeloos te kere gegaan het, het ‘n vrou wat ook nie die Here geken het nie, hulle probeer keer, maar hulle het haar uitgelag en gespot. Iemand stel toe sarkasties voor dat hulle 'n gebedsbyeenkoms in háár huis moet hou. ‘n Teruggevalle Christen het probeer om die gebed te 'lei' en met God gespot, maar terwyl hy nog besig was, het hy gebreek en tot inkeer gekom. Hierna het 'n man uit 'n naburige dorp die leiding begin neem en vier of vyf honderd mans het tot sonde-oortuiging gekom en Jesus aangeneem. Baie van *Hell Corner* se mense het sterk voorbidders geword. Die Gees van God het eenvoudig oorgeneem en mense is gered sonder enige prediking of invloed van buite.

Op 'n ander plek het 'n jong matroos wat pas tot bekering gekom het, gereed gemaak om op sy volgende seereis te vertrek. Die eienaar van die losieshuis waar hy gebly het, het hom probeer oorreed om saam met hom rum te drink. Maar die matroos het na 'n sendeling wat daar tuisgegaan het, gedraai en gesê: “Ek sal liewer u gebede saam met my see toe neem as al die rum in die wêreld.”

In 1858 in Louisville, Kentucky, het gemiddeld 1,000 mense die daaglikse gebedsbyeenkomste bygewoon, sommige van hulle vooraanstaande sakemanne. 'n Skrywer merk op: “Dit wil voorkom of die Gees van God deur die stad bly beweeg, en dit lei tot 'n ongekende gebrokenheid en heiligheid onder alle klasse van die samelewing. 'n Wonderlike genadewerk is besig om die stad te verander.”

In Boston het dieselfde gebeur. Baie mense wat goddelose lewens gelei het, het die byeenkomste bygewoon. "Gewone mense en sondaars is aangeraak en het die

gebedsbyeenkomste uit hul eie begin bywoon. Sommige van hulle het tekens van egte berou getoon", het 'n skrywer opgemerk.

Samevattend

James Edwin Orr het bereken dat daar in die twee jaar vanaf 1857 tot 1858, ongeveer een miljoen mense tot bekering gekom het en dat nog sowat 'n miljoen Christene ‘n nuwe ontmoeting met God gehad en Hom weer voluit begin dien het. Die totale bevolking van die Verenigde State was destyds 30 miljoen. Berekeninge toon dat daar in 1858 minstens *50 000 bekerings per week* was. In New England byvoorbeeld, het 50 000 van 'n totale bevolking van 250 000 mense by gemeentes aangesluit. Drie interessante feite: Die meerderheid van hierdie mense het tot bekering gekom sonder om 'n enkele preek te hoor, want daar is selde gepreek. Tweedens is die meeste van die gebedsbyeenkomste deur gewone mense gelei, nie predikante nie. Hulle het wel die gebedsbyeenkomste bygewoon en ‘n baie groot invloed deur hulle prediking gehad. Derdens was daar geen 'beroemde name' of advertensies wat die mense getrek het nie. Mense het eenvoudig gevra waar die gebedsbyeenkomste is en dit bygewoon. Duisende ongereddes wat na hierdie byeenkomste gekom het, is diep aangeraak deur die eenvoud van die evangelie en het tot bekering gekom.

Een ooggetuie (‘n historikus) het opgemerk dat mense eerstens God se Woord na Hom terug gebid het en dat hulle gebid het asof hulle oortuig was dat God hoor en sál antwoord.

'n Wonderlike gevolg van hierdie 1857-1862 herlewingstyd is dat mense se harte weer oopgegaan het vir sending: gevestigde sendingorganisasies het met nuwe ywer begin werk en nuwes, soos die *China Inland Mission* en die *Student Volunteer Movement* is gestig. Dit het gelei tot baie sendinguitreike en die uitstuur van sendelinge regoor die wêreld.

Die herlewing wat in New York in 1957 begin het, het versprei na Wallis, Skotland, Ierland, Brittanje, Duitsland (waar 'n tydperk van 30 jaar van herlewing gevolg het), Indië, Suid-Afrika, Indonesië, Wes-Indië, Skandinawië en Nederland. Swede het byvoorbeeld berig dat a.g.v. die herlewing daar sowat 200 000 mense uit die totale bevolking van 3 miljoen tot bekering gekom het.

Slotopmerking: Dit is duidelik dat hierdie bykans wêreldwye herlewing nie die werk van mense was nie.

Hoofstuk 2

Ulster, Noord Ierland en die 1859 herlewing

Toe die kerk in Ierland van die herlewing in New York en ander plekke in die VSA gehoor het, het daar by baie Ierse leraars en Christene 'n diep verlange na herlewing gekom en het hulle met nuwe ywer daarvoor begin bid. Die Presbiteriaanse Sinode se algemene vergadering in Dublin in 1858, het byvoorbeeld twee van die sessies aan herlewing gewy! Meer as 2000 mense was teenwoordig en het met groot erns geluister. Twee manne is aangewys om na New York te gaan en te kom rapporteer oor wat daar besig was om te gebeur. Die twee se terugvoer het ‘n nog groter honger na herlewing tot gevolg gehad.

Die “begin” van die herlewing in Ulster kan teruggevoer word na vier jong mans wat hulleself verbind het om spesifiek vir herlewing te begin bid. Hulle was James McQuilkin, John Wallace, Robert Carlisle en Jeremiah Meneely. McQuilkin het 'toevallig' die biografie van George Muller gelees en dit ook vir sy vriende gegee om te lees. Drie boeke het hulle glo beïnvloed: George Müller se *Life of Trust*, *The life of Murry McCheyne* en Charles Finney se *Lectures on Revival*. Gerugte van die New York herlewing het ook by hulle uitgekom.

In September 1857 het hulle begin saambid en teen die einde van daardie jaar het al hoe meer mense in Ulster tot bekering begin kom. In die winter van 1858/59 het die gebedsgroepe en gebedsbyeenkomste begin toeneem. Daar word beweer dat daar met die uitbreek van die herlewing in Ulster 104 gebedsgroepe regoor die stad was.

Op 14 Maart 1959 het McQuilkin 'n gebedsbyeenkoms gereël. Ongeveer 3000 mense het opgedaag en in die reën en modder gestaan en luister, vasgevang in die greep van die kragtige werking van die Heilige Gees. 'n Leke-prediker het begin praat en ongeveer 100 mense het op hul knieë in die modder neergeval en hulle lewens aan Jesus Christus

oorgegee. Die kenmerk van hierdie herlewing was die bonatuurlike oortuiging van sonde. Professor William Gibson het die volgende geskryf: “Selfs geharde manne het gesteier en neergeval toe hulle gewetes hulle aangespreek het. Hulle het liggaamlik swak geword...trane het oor hul wange begin stroom, en hul oë was vol van onuitspreeklike angs – hulle het hul sondes bely en die Here om genade gesmeek met uitroepe wat deur jou siel sny...Ek het nog nooit so iets gehoor nie, angskrete soos: “Here Jesus, wees my sondige siel genadig; Here Jesus vergewe my sondes; O kom en lig my uit hierdie vlammehel”.

Die herlewing het soos 'n vuur na ander areas in die distrik versprei. Mense het in kombuise, skure, kerke, skole, in die veld en langs die paaie bymekaargekom. Daar was deurnag-byeenkomste waar daar gebid en voor God gehuil is. Boere het hul plaaswerk en sakemanne hul besighede laat staan en na die byeenkomste gestroom.

In April 1859, tydens 'n besige markdag in die dorpie Ballymena, het 'n man in sy dertigs skielik op die grond neergeval en vir byna tien minute lank bly uitroep: “Vuil, onrein…Here, wees my, sondaar, genadig!” 'n Heilige vrees vir God het oor die mense gekom. Teen 17 Mei was die hele dorp in die greep van ‘n kragtige werk van die Heilige Gees. Onverskillige mans het gebroke soos kinders gehuil. Kerke was oorvol, gesinne het saam gebid, mense van alle klasse en ouderdomme het na die Here gesoek. Gebedsbyeenkomste het soms regdeur die nag aangehou. Daar was kragtige fisiese manifestasies wat tot die redding van baie mense gelei het.

Honderde mense het predikante gevra om hulle te kom help. Wanneer hulle deur die las van sonde gebreek en vrygekom het, het hulle gesigte so van vreugde gestraal dat hierdie nuwe bekeerlinge maklik herkenbaar was.

Boroughshane, Ballymena, Ballycarry

In Boroughshane het werkers in 'n spinfabriek skielik onverklaarbaar onder sondeoortuiging gekom. Binne 'n uur het 20 mense op hulle gesigte op die grond gelê en

na God geroep. Die fabriek moes vir twee dae sluit sodat mense hulle lewens met God kon regmaak!

Mense van alle ouderdomme; Protestante sowel as Roomskatolieke, het die byeenkomste bygewoon en is gered. Aanbidding van God binne die gesin is herstel. Dronkenskap en gevloek, stryery en bakleiery het verdwyn. Op een plek is selfs 'n kermis afgesluit met 'n gebedsgeleentheid wat deur 5000 mense bygewoon is. Nie almal was positief nie. Sommige Roomskatolieke priesters het aan hulle lidmate 'heilige water' gegee om hulle teen die 'herlewingsplaag' te beskerm en nie alle geestelike leiers was positief oor die herlewing nie, maar dit was by verre die minderheid.

Ook hier (net soos in New York) het mense wat op skepe verbygevaar het, die teenwoordigheid van God aangevoel en baie matrose het onder oortuiging van sonde gekom. Die herlewing het regoor die land versprei. In Belfast is 'n groot stokery gesluit en die whiskey handel het begin afneem. Kroeë het toegemaak. Perde wedrenne het minder mense getrek. Misdaad het drasties afgeneem. Dwarsdeur Ulster het regters dikwels geen sake gehad om te hanteer nie en soms was daar nie 'n enkele gevangene in aanhouding nie.

Herlewing het “skielik” na Ballymena gekom. Gebede en uitroepe is in die strate en vanuit baie huise gehoor. Sommige mense wat onder diep oortuiging van sonde was, kon soms vir nagte aaneen nie slaap nie. Ook hier is groot middag-uur gebedsbyeenkomste gehou en deur mense van alle denominasies bygewoon. Mense het selfs in *quarries* (oopmyn uitgrawings) bymekaargekom: by een geleentheid het 5000 in so ‘n quarry” bymekaargekom om te bid. Kinders tussen 10 en 12 jaar oud is gered en het ernstig en onder die kragtige werking van die Heilige Gees vir ongeredde volwassenes gebid. Mense was verstom oor die gebede van hierdie kinders. Soms het kinders selfs hul eie gebedsbyeenkomste gereël. Jong besigheidsmanne het verlof by hul werk geneem om die herlewingsaksies te ondersteun. Mense het vanaf Engeland, Skotland en ander dele van Ierland gekom om te sien hoe God werk.

Nadat die herlewing in Ballycarry uitgebreek het, het byeenkomste vir twee-en-veertig nagte aangehou. Gebedsbyeenkomste is dikwels regdeur die nag gehou.

Belfast

In Junie 1859 breek daar herlewing in Belfast uit. Skares mense het saans bymekaar begin kom in Episkopaalse, Presbiteriaanse, Wesleyaanse, Onafhanklike en Baptiste gemeentes. Die Gees het gewone mense geïnspireer om te begin preek en hulle het dag en nag ander mense besoek wat tot sonde-oortuiging gekom het. Op 29 Junie was daar 'n groot opelug-byeenkoms in die botaniese tuine in Belfast: 40 000 mense het opgedaag. Kinders het selfs in die bome geklim om te kon sien en hoor. Die moderator van die Algemene vergadering van die Presbiteriaanse kerk het die diens gelei en die mense gevra om nie die Heilige Gees te weerstaan of te bedroef nie, maar om onophoudelik, dringend en met verwagting, vir Hom te vra om te werk sodat baie mense tot bekering sal kom. Diep sondeoortuiging het tot gevolg gehad dat mense letterlik op hulle gesigte neergeval en God om genade gesmeek het. Kinders het groepe begin vorm en vir die skare gebid. Baie van hierdie kinders was van die armer deel van die gemeenskap.

Ná hierdie byeenkoms was kerkdienste daagliks stampvol. Dit was telkens onmoontlik om die dienste te stop en mense het eers in die vroeë oggendure huis toe gegaan.

'n Predikant het vertel dat sommige mense "*pyne vanuit die hel*" beleef het terwyl hulle deur die Heilige Gees van sonde oortuig is. Wanneer die Heilige Gees hulle van hul redding verseker het, was hulle vol vreugde en baie het uitgeroep: "Hoe wens ek dat ek jou van Jesus se liefde kon vertel. As ek kon sou ek sondaars in my arms neem en hulle by Sy voete gaan neersit." Ook hier was daar bekerings onder mense uit alle vlakke van die samelewing: geleerde mense en welgestelde sakemanne het dieselfde oortuiging van sonde as boere en gewone werkers beleef.

In een gemeente het 'n honderd mense in een byeenkoms tot bekering gekom. Twintig gebedsgroepe het in hierdie een gemeente ontstaan en mettertyd het nog vier honderd

mense tot bekering gekom. Van die skole het gesluit omdat herlewing onder kinders in die klaskamers uitgebreek het. Geharde manne het in trane uitgebars wanneer hulle die kinders hoor bid het en die erns waarmee hulle gebid het, gesien het.

In Julie is nog 'n groot opelug-byeenkoms gehou en sowat vyftien duisend mense het dit bygewoon. Die predikante het tot 3-uur daardie oggend saam met mense gebid wat tot sonde-oortuiging gekom het. By ‘n ander geleentheid het 20 000 mense 'n byeenkoms bygewoon. Regoor Belfast is byeenkomste vir beide kinders en volwassenes gehou. Een gemeente het berig dat daar 40 gebedsbyeenkomste onder hulle lidmate begin is.

Mense se lewens het in die praktyk begin verander: prostitusie het drasties begin afneem omdat baie prostitute tot bekering gekom het. Mense het weer begin spaar en verantwoordelik met hulle geld begin werk. Politieke protes-optogte het tydelik opgehou. Baie fabrieke het tydelik gesluit sodat werkers wat onder sondeoortuiging gekom het, eers kon regmaak, want hulle kon in elk geval nie verder werk nie. Daar is daagliks gehoor van antwoorde op gebed en mense het geestelik begin groei en volwasse geword. Geestelike orkes- en sanggroepe was oral te sien. Predikante het skares mense in die strate bedien.

In Coleriane het 'n jong seun so onder sondeoortuiging gekom dat die skoolhoof hom saam met 'n ander seun huis toe gestuur het. Op pad daarheen het hulle by 'n leë huis verbygeloop en daar ingegaan om te gaan bid. Nadat die jong seun sekerheid van sy redding gekry het, het hy dadelik gesê: “Ek moet vir mnr. X gaan vertel.” Toe hy by die skool aankom, het hy vir die onderwyser gesê: “Meneer, ek is so gelukkig; ek het die Here Jesus in my hart.” Die hele skool het gehoor wat met hom gebeur het – skielik het die een seun na die ander verskoning gevra en die klaskamers verlaat. Baie gou was daar orals op die speelgrond jong seuns wat gekniel en met God geworstel het. Die seun wat eerste tot bekering gekom het, het na ander seuns gegaan en saam met hulle gebid. Hartverskeurende uitroepe kon gehoor word soos wat die seuns van hulle sondes oortuig is en vergifnis gevra het. Kinders in die klaskamers het dit gehoor en ook op hul knieë geval en om genade begin smeek. Die meisies in die meisieskool daar naby het gehoor

hoe die seuns na God roep en ook begin om na God te roep en hulle sondes bely. Volwassenes wat die gehuil van die kinders gehoor het, het na die skool gehardloop, waar baie van hulle ook van hul eie sonde oortuig is en tot bekering gekom het.

Die gevolg was dat daar in 1859 sowat 100 000 mense by gemeentes aangesluit het.

Hoofstuk 3

Die 1859 herlewing in Wallis

Wallis het die afgelope 300 jaar baie herlewings beleef. Daar was kragtige herlewings in 1739, “die groot herlewing” in 1760, asook in 1791, 1817, 1840 en 1848. Die kerk het teen 1850 dringende behoefte aan herlewing gehad. Mense het tydens persoonlike gebed, gesinstyd en gemeentebyeenkomste vir herlewing begin bid. Toe die herlewing uiteindelik in 1859 uitgebreek het, was dit soos die 1857-1858 herlewing in Amerika, 'n herlewing wat die gevolg was van eendragtige gebed.

God het veral twee predikante gebruik om deur hulle prediking die vlam van die herlewing aan die brand te steek. Hulle was Humphrey Jones en David Morgan. Jones het van Amerika gekom, waar hy sterk deur die boeke van Charles Finney beïnvloed is. God het hom ses maande lank op 'n baie spesiale manier gebruik. Mense het selfs 05:00 in die oggend die kapel in Tre’r-ddol waar hy gepreek het, oorstroom. Strate was in alle rigtings vir meer as ‘n kilometer vol mense wat gekom het om te luister. Gebedsbyeenkomste is elke aand gehou. En soos wat hy van die een dorp na die ander gegaan het, het herlewing uitgebreek.

Humphrey Jones se bediening en prediking het David Morgan baie sterk aangespreek en bemoedig en God het hom op 'n baie spesiale manier aangeraak. Morgan en Jones het vir 3 maande saamgewerk en daarna het Jones van die toneel verdwyn. Oral waar David Morgan gepreek het, het God Sy Gees uitgestort en het mense tot bekering gekom. Herlewing het onder alle denominasies, van gemeente tot gemeente, van dorp tot dorp, van distrik tot distrik, begin versprei. Honderde berugte sondaars het die dienste bygewoon. Dit is belangrik om daarop te let dat, ten spyte van kragtige prediking, (veral van David Morgan), mense dit eens is dat die herlewing in Wallis nie soseer die gevolg van prediking was nie, maar die vrug van intense gebed.

Mense het dikwels onder diep sonde-oortuiging by die kerk uitgestap, dan weer omgedraai en teruggegaan omdat hulle nie anders kon nie en hulle lewens aan God oorgegee. Kinders het met hulle eie gebedsbyeenkomste begin en ernstig gebid. Sondaars het die krag van God se teenwoordigheid beleef. In een dorp was daar volgens berigte slegs ses mense wat nie van hulle persoonlike redding kon getuig nie.

In vier distrikte het kerke 'n dag van gebed gehou vir die uitstorting van die Heilige Gees. In Februarie 1859 breek die Gees kragtig deur: Mense is daagliks gered en het letterlik van vreugde gedans wanneer hulle tot geloofsekerheid gekom het. Daaglikse gebedsbyeenkomste is begin. Een leraar het getuig dat 650 nuwe bekeerlinge by sy gemeente gevoeg is.

In sommige distrikte het herlewing na slegs 'n jaar van intense, volhardende gebed gevolg. In een van die dorpe het herlewing tydens 'n huis-gebedsbyeenkoms uitgebreek terwyl mense gesing het. Ander het gehoor hoe hulle sing en die herlewing het soos 'n veldbrand versprei. Kinders het begin sing en vir ure gebid en gebedsbyeenkomste van huis tot huis gehou. Een Baptiste gemeente het vir vier maande gebid voordat herlewing daar uitgebreek het. In sommige streke het die herlewing in verskillende dorpe gelyktydig op dieselfde nag uitgebreek. Dit was veral die gebede van die kinders en jongmense wat die mense stom gelaat het. Hulle het oral vir gebed bymekaargekom: in huise, klaskamers en selfs langs die pad.

Herlewing het ook in veertig steenkoolmyne uitgebreek.

Hierdie herlewing het die hele geestelike klimaat in Wallis verander. Kerke het weer die werk gedoen waarvoor hulle geroep is: die armes is versorg, ongereddes is met die evangelie bereik en sendelinge het die lig van die evangelie na die nasies geneem. Oor en oor het die geskiedenis bewys dat wanneer die kinders van God in gehoorsaamheid aan sy opdrag eendragtig volhard met gebed, hulle voor Hom verootmoedig en Sy Woord met krag en outoriteit gepreek word, die Heilige Gees kom en hele samelewings met Sy onweerstaanbare krag verander.

Hoofstuk 4

Die 1860 herlewing in Skotland

Toe die nuus van die Amerikaanse herlewing (1857-1859) Skotland bereik het, het die Algemene raad van die kerk van Skotland bymekaargekom om God te dank vir dit wat aan die ander kant van die oseaan gebeur het en om by Hom te pleit vir 'n soortgelyke uitstorting van Sy Gees op Skotland. Op die tweede Sondag van Julie 1860 is 'n spesiale dag van gebed vir herlewing gehou. 45 000 Presbiteriane het weekliks regoor Skotland gebedsbyeenkomste begin hou waar hulle vir herlewing gebid het. Afgesien van 1205 bestaande gebedsbyeenkomste, is daar ook met 129 nuwe weeklikse inter-denominasionele gebedsbyeenkomste begin. Die gebedslas het toegeneem toe die Skotte hoor dat God ‘n herlewing in Ulster in Noord-Ierland gegee het. Skares van tot 20 000 het kom luister na sprekers wat van herlewings in ander lande vertel het. Herlewing was die onderwerp op almal se lippe. Die skares was so groot dat die kerke op baie plekke te klein was. Bekerings het begin toeneem. Op sommige plekke het soms tot 500 mense agtergebly om gehelp te word. Daar was geen gewilde of bekende predikers nie en geen bemarking van dienste of amptelike organisering nie.

Die herlewing het ook na die *Orkney* eilande en Shetland versprei.

Vyf jaar later het die Presbiteriaanse kerk berig dat daar steeds herlewing was. Baie "goeie Christene" het besef dat vroomheid nie genoeg is nie en het hulself opnuut aan Jesus Christus oorgegee. Ander het van 'n openlike sondige lewe weggedraai en toegewyde Christene geword.

Van al die lande het die herlewing in Skotland die grootste langtermyn effek gehad: in die Skotse kerk self, maar ook op wêreldsending a.g.v. die geweldige invloed wat die Skotse kerk daarna op wêreldsending gehad het.

Hoofstuk 5

Die 1857-62 herlewing in Suid-Afrika

Vroeë tekens

Baie mense is onder die indruk dat die 1860 herlewing in die Wes-Kaap begin het, maar herlewing het reeds in 1857 in KwaZulu Natal en 1858-1859 in die Oos-Kaap, o.a. Grahamstad, begin. Dit is interessant dat die herlewing onder die Zoeloes in 1857 op presies dieselfde tyd as die herlewing in New York begin het. Daar was geen manier dat die sendelinge onder die Zoeloes enige kennis van die herlewing in New York kon hê nie. Verhale oor die New York herlewing het Suid-Afrika eers in 1858 bereik en 'n dieper honger na 'n landswye herlewing het ontstaan.

Sendelinge wat die 1857 herlewing in New York beleef het, het teruggekom na Suid-Afrika om hul werk in Zoeloeland en onder die Xhosas voort te sit. Alan Grout het uit Zoeloeland geskryf: "Ons is getuies van die oplewing van 'dooie bene' in die Esdumbini Vallei... baie jongmanne kom en sê…jou prediking het ons harte aangeraak, ons het besluit om afgodery te los en om die Lewende God te dien." Joseph Jackson, 'n Metodiste predikant getuig: "…die Gees van God is so kragtig oor hulle uitgestort dat hulle nie kon huis toe gaan nie, maar bly bid het tot dagbreek."

Die herlewing onder die Zoeloes is gekenmerk deur buitengewone gebed, diep oortuiging van sonde, drastiese bekerings en 'n entoesiastiese uitreik na ander.

In 1856 het 'n 12-jarige Xhosa dogter begin om te profeteer dat alle diere en kos vernietig of opgeëet moes word. Sy het verder geprofeteer dat daar op 18 Februarie 1857 'n wonderwerk sou gebeur: vee sou uit die grond kom, kosbakke sou skielik vol word, dooie krygers sou opstaan en al die stamme van Afrika sou die Europeërs die see in jaag. Die Xhosas het hierdie profesieë geglo en gehoorsaam, maar die gevolg was massa-

hongersnood. Baie mense het gesterf. Families het mekaar begin doodmaak vir kos en hele stamme wat uit duisende mense bestaan het, is totaal uitgewis.

Hierdie tragedie het Xhosas ontvanklik gemaak vir die evangelie. Herlewing het in hierdie tyd in Grahamstad uitgebreek. Al die gemeentes en mense van alle rassegroepe was betrokke. Groot skares het elke aand kerk toe gekom en die hele streek tot by Port Elizabeth en Oos-Londen is geraak. Waar daar nie 'n gebou beskikbaar was nie, het mense in die opelug bymekaar gekom. Sendelinge in die Transkei het vertel dat duisende Xhosas tot bekering gekom het. Een sendingstasie het berig dat 600 nuwe lidmate in een maand aangesluit het en dat kerkbyeenkomste oorvol was.

God het die evangelis William Taylor gebruik in die 1858 herlewing onder die Xhosas en die Zoeloes. Baie het tot bekering gekom. Taylor is in 1821 in Virginia (VSA) gebore en het in 1858 na Suid-Afrika gekom. Hy het John Wesley se bedieningstyl gevolg en te perd van dorp tot dorp gery. Oral waar hy gegaan het, het God herlewing gegee. Hy het 'n Xhosa-sprekende tolk met die naam Charles Palma gebruik en deur die Transkei en Zoeloeland gereis om die evangelie aan mense te verkondig. Nadat Taylor weg is, het Palma sy preke geneem en hulle van kraal tot kraal gaan preek. Die uiteinde was dat herlewing ook in hierdie gebiede uitgebreek het, veral onder die Xhosas. Soos wat die nuus versprei het, het duisende mense na die byeenkomste gestroom. Baie het onder diep oortuiging van sonde gekom en God begin prys wanneer hulle sekerheid van saligheid verkry het. Daar was geen manipulasie by hierdie byeenkomste nie. Mense het eenvoudig spontaan tydens die preke op hulle gesigte neergeval en begin uitroep vir genade.

Een van die gevolge van hierdie herlewing was 'n sterk oplewing van sendingwerk. Sendelinge het tot so ver as die ou Rhodesië en ook Zambië gereis om die evangelie aan mense te verkondig en herlewing het ook in Botswana uitgebreek.

Nederduits-Gereformeerde Kerk se konferensie in Worcester, April 1860

Die Kerk in Suid-Afrika het gehoor van die herlewing in New York (1857-1858) en al hoe meer predikante het na herlewing begin verlang. 'n Boekie met die naam *De Kracht des Gebeds* is geskryf en oral versprei. Die boek het gehelp om 'n gees van gebed in baie gemeentes en dorpe te laat posvat. In April 1860 het die Nederduits-Gereformeerde Kerk 'n konferensie met 'herlewing' as hooftema in Worcester gehou. 374 Predikante en leke-predikers het hierdie konferensie bygewoon. Daar was Nederduits-gereformeerde en Metodiste leraars by die konferensie, asook leiers van die Skotse Presbiteriaanse Kerk, die Wesleyaanse en Rhenish sendingorganisasies. Verhale van die herlewing in New York is vertel. Slegs 50 dae later het die gemeentes wat afgevaardigdes na die konferensie gestuur het, 'n nuwe werking van die Heilige Gees begin beleef.

Dr. Robertson, een van die sprekers by die konferensie, het later gesê dat die herlewing begin het die oomblik toe dr. Andrew Murray jnr. opgestaan het om te bid. Iets bonatuurliks het gebeur en God se Gees het op daardie spesifieke oomblik deurgebreek.

Na afloop van hierdie konferensie in 1860, was daar ook tekens van herlewing in die Suid- en Wes-Kaap, veral in Montagu. James Cameron, die Metodiste predikant in Montagu, het 'n berig in die *Wesleyan Methodist Magazine* in 1860 geskryf: “Meneer, hoe kan ek verduidelik? Die Here is besig om wonders hier te doen...die Gees van God is by ons...daar is elke dag en elke aand gebedsbyeenkomste...mense wat nooit in die openbaar gebid het nie, bid nou openlik. Verlede Sondag het ek gevra dat almal wat die Here soek, vroeër kerk toe moes kom vir gebed...baie mense het gekom en het ook baie vroeg gekom...3-uur in die môre; Donderdag het 'n arm plaasdogter begin bid. Haar woorde was van die Heilige Gees, ons het almal uitgeroep, "die Here is hier". Jonk en oud het begin uitroep om genade...en aangehou tot amper twaalf-uur die middag...die mense van die Nederduits-Gereformeerde gemeente het van hulle bidure af gekom en by ons aangesluit...die plek was oorvol en sommige moes buitekant staan en bid.”

Herlewing in Montagu is vir baie weke gekenmerk deur ‘n diep oortuiging van sonde. Geharde manne het vol angs en berou na God uitgeroep. Montagu het 'n totale transformasie ondergaan. Die opmerklike verandering in mense wat pas tot bekering gekom het, het ongelowiges aangespoor om te vra hoe ook hulle gered kan word. 'n Gemeenskap wat vroeër bekend was vir hulle totale onverskilligheid, het skielik ernstig oor God geword. Byeenkomste is by huise gehou en gesinne van alle rasse het bymekaargekom om die Here te aanbid. Bekerings het onder al die kultuurgroepe plaasgevind, selfs op ver-afgeleë plase. Op 'n spesifieke plaas het 'n boer een oggend iemand hardop hoor roep en op die vrou se huishulp afgekom waar sy om vergifnis vir haar sondes gesmeek het. Daar was baie soortgelyke bekerings onder mense uit alle bevolkingsgroepe in die omgewing. Ses gebedsbyeenkomste is begin. Mense het God gesmeek om hulle nie verby te gaan nie.

Herlewing het ook in Worcester uitgebreek in die gemeente waar dr. Andrew Murray (Jnr.) en Jan de Vries gewerk het. Een aand was daar 60 jongmense bymekaar vir gebed en aanbidding. Dit is gelei deur ene Jan de Vries. Die jongmense het gewoonlik opgestaan en gevra dat 'n spesifieke gesang gesing word of een het voorgegaan met gebed. Tydens een van hierdie gebedsbyeenkomste het 'n 15-jarige Kleurling meisie opgestaan en eenvoudig gesê: “O, hoe lief het ek Jesus” en gevra dat ‘n lied gesing word. Almal het skielik ‘n geluid soos die van ‘n veraf gedreun gehoor – dit het al nader gekom en die gebou het begin skud. Almal het gelyktydig begin bid. God se teenwoordigheid het die plek gevul. Elkeen was so bewus van sy eie sondelas dat hulle na God bly roep het om vergifnis en gesmeek het dat Hy hulle sal skoonwas. Almal het gelyktydig bly bid. Dr. Andrew Murray, die leraar van daardie gemeente, is inderhaas laat kom. Wat hy daar aangetref het, het vir hom baie wanordelik gelyk - hy het probeer om die mense stil te maak en gesê: bly asseblief stil, dit is chaos. Ek is julle predikant wat deur God gestuur is...Bly stil!' Niemand het egter van hom notisie geneem nie en almal het eenvoudig aanhou met bid. Elkeen was net bewus van sy eie sondelas en het na God bly roep vir vergifnis van sonde, maar die las van skuld, sonde en skande het net meer ondraaglik geword. Andrew Murray het tevergeefs probeer om voor te gaan met 'n gesang. Die Gees van God het met herlewingskrag beweeg en niemand kon dit keer nie.

Aand na aand het mense tot in die vroeë oggendure bly bid. Iemand wat ‘n ooggetuie van die herlewing in New York was, het later vir Andrew Murray gewaarsku om versigtig te wees, want wat hy in Worcester gesien gebeur het, was dieselfde as dit wat hy in die herlewing in New York gesien het. Andrew Murray het die waarskuwing ter harte geneem en daarna begin om die herlewingsbeweging ten volle te ondersteun.

Die herlewing brei uit

Herlewing het na ander gebiede in die Kaap en deur die res van Suid-Afrika versprei. Gebedsbyeenkomste vir herlewing is weke lank in Wellington gehou. Hierdie gebedsbyeenkomste het oral vermenigvuldig. Van die plekke het te klein geword vir al die mense wat wou kom bid. Gemeenteleiers het getuig dat daar binne 'n paar weke meer gebeur het as in die totale vooraf geskiedenis van die kerk in Wellington!

In Heidelberg het herlewing in 1860 uitgebreek, en weer in 1868, 1870 en 1884! Vir bykans 'n half-eeu het gemeente op gemeente in Suid-Afrika herhaalde herlewings beleef. Die herlewing het van dorp tot dorp versprei: o.a. na Swellendam, Tulbagh, Ceres, Robertson en Villiers. Baie van die Engelse gemeentes het ook herlewing beleef.

In Calvinia, 'n plattelandse dorp, was daar in dié tyd nie ‘n predikant nie en vir jare het predikante tevergeefs probeer om met gebedsbyeenkomste daar te begin. Sonder enige kontak met dorpe in die Wes- en Suid-Kaap waar herlewing reeds begin het, het herlewing in Calvinia uitgebreek. Nou het daar skielik verskeie gebedsbyeenkomste ontstaan, selfs op afgeleë plase. Die een groep het dikwels nie van die ander geweet nie, maar almal het die seën van herlewing beleef.

In die Paarl het ds. Van der Linde en sy gemeente na herlewing gesmag. In die begin van 1861 was daar wel hier en daar tekens van die werking van die Heilige Gees in die gemeente. Al hoe meer mense het begin om die gebedsbyeenkomste by te woon. Toe, net voor Pinkster Sondag in 1861, het ds. Van der Linde sy gemeente opgeroep tot 10 dae van gebed, net soos wat die vroeë kerk dit gedoen het - in afwagting op die 'gawe'

wat Here Jesus beloof het: die uitstorting van die Heilige Gees. Baie mense het hierdie gebedsbyeenkomste bygewoon. Op Pinkster Sondag was daar by almal 'n verwagting, hulle het aangevoel dat iets op die punt was om te gebeur. Hulle is nie teleurgestel nie. Tydens die middag-diens, terwyl ds. Van der Linde gebid het, het die Gees van God op 'n kragtige wyse begin beweeg en 'n merkwaardige herlewing het uitgebreek.

In die Murraysburg distrik het een predikant getuig dat die gemeente geestelik 'wakker geskud' is. Daar was honderde bekerings. Volgens hom het daar waarskynlik nie meer as 50 onbekeerde mense in die Klein-Karoo oorgebly nie. In Beaufort Wes het die herlewing gedurende die week van 6-13 Januarie 1861 met groot krag uitgebreek, ongeveer vier maande nadat dit in Worcester begin het. Gebedsbyeenkomste is vier keer per week gehou en het dikwels die hele dag aangehou. Op Sondae is byeenkomste by huise gehou, ook onder bome en in plaashuise, want die kerke het te klein geword en kon net nie almal akkommodeer nie.

In 1861 het herlewing ook in Prins Albert, Graaff-Reinet en Richmond uitgebreek. Herlewing het regoor die land versprei en daar was ook berigte van herlewing uit die Vrystaat en Transvaal. Hierdie herlewings is gekenmerk deur 'n kragtige uitstorting van die Heilige Gees, ‘n diep oortuiging van sonde en groot getalle bekerings.

In 1867 het die sinode van die Nederduits-gereformeerde kerk besluit om gemeentes aan te moedig om 10 dae van gebed voor Pinkster Sondag ‘n jaarlikse instelling te maak. Hierdie gebruik het tot baie seën en geestelike vrug oor die volgende 150 jaar in die Nederduits-Gereformeerde kerk gelei.

Na die 1860-1861 herlewing was daar nog ander tydperke van herlewing in die volgende 60 jaar – bv. in 1868, die 1870s, 1889, 1897, 1901-1905, 1923 en 1927.

Die invloed van die herlewing op Suid-Afrika

Voor die 1858-1862 herlewing was daar geestelike louheid en doodsheid in baie gemeentes en op die sendingvelde. Aanbidding van God was streng formeel, gebedsbyeenkomste is swak bygewoon en sonde het in gemeenskappe floreer.

Met die koms van die herlewing het alles egter verander - nie net die kerk het verander nie, die totale samelewing het omgedraai. Mense se gedrag het daadwerklik verander: hulle het prioriteit aan hul verhouding met God begin gee – iets wat in baie gevalle voor die herlewing nie deel van hulle lewens was nie.

Op basies elke plek waar herlewing uitgebreek het, was daar 'n diep oortuiging van sonde, meesal gepaardgaande met sterk emosie. Geharde manne het tot God uitgeroep en oor hul sondes gehuil. Berugte misdadigers het op kragtige wyse tot bekering gekom. Gemeenskappe het weer 'n heilige eerbied en vrees vir God gehad. Groot getalle mense in elke gemeenskap het tot bekering gekom. Daar was hartroerende getuienisse van bekerings. Visioene is gesien en baie het vreesaanjaende drome gehad. In sommige gevalle het mense in hul eie huise tot bekering gekom, in ander gevalle agter bosse en rotse, op berge en in klowe. Mans, vroue, bejaardes, kinders, gesiene mense en slawe – almal het die knie voor die Koning van konings gebuig en by Hom om genade gesmeek. Die veranderde lewens van voorheen ongereddes het daarvan getuig dat die gebeure nie net 'n emosionele ervaring was nie. Die bekeerdes vanuit die herlewing het vas gestaan. Daar was min wat in die daaropvolgende dekades teruggeval het.

Mense wat dit nie vroeër sou oorweeg nie, het begin om die gebedsbyeenkomste wat dikwels tot in die vroeë oggend-ure gehou is, by te woon. (In Worcester, Montagu, Wellington en Stellenbosch het mense veral tot laat in die nag gebid.) Die nuwe bekeerlinge se lewens het getuig van 'n nuwe vreugde en vryheid en hulle was skielik besorg oor die geestelike toestand van verlorenes en het ernstig vir ander se redding begin bid. Kerkbywoning het drasties toegeneem.

Daar was 'n merkwaardige eenheid onder leiers van verskillende gemeentes en ook tussen gelowiges van verskillende denominasies. Mense was ook baie meer vrygewig op finansiële gebied. Oral het mense oor God begin praat, selfs nie-Christene. In baie dorpe was daar 'n onverklaarbare "teenwoordigheid" van die Here en mense het eenvoudig daagliks tot bekering gekom. Die mense was nie skaam om oor hulle redding te getuig of te sê dat hulle Christene is nie.

Die wonderlikste gevolg van die 1860 herlewing was die entoesiasme vir sending na die herlewing. Daar was skielik 'n nuwe erns oor verlore siele en baie wou sendingveld toe gaan. Sendelinge het sover as Zambië en ou Rhodesië gereis om die evangelie te gaan verkondig en sendingstasies op te rig. Die Heilige Gees het gelowiges aangespoor om hulle Christelike verantwoordelikheid teenoor hul huishulpe en plaaswerkers op te neem en het daarop gereageer deur by te dra tot uitreikprogramme. Per kapita het Suid-Afrikaanse Christene meer vir sending gegee as enige ander land ter wêreld in daardie spesifieke tydperk. Binne tien jaar is twaalf sendingstasies buite die Kaap-kolonie opgerig: o.a. in Zimbabwe, Botswana, Malawi en tot sover as die Soedan.

Die gedrag van mense oor die algemeen, nie net gelowiges nie, het verander. Mense het begin om heilige lewens te lei. Gesinsverhoudings is herstel. Mans het hul rolle as vaders in die huis opgeneem en die Bybelse orde in gesinne is herstel.

Daar is verhale van lank voortslepende rusies wat opgelos is. Mense wat haatdraend en onvergewensgesind was, het met mekaar reggemaak – gesinslede met mekaar, bure en ook geharde sakemanne. Sakemanne het onwettige praktyke gestop en met integriteit besigheid begin doen. Werksomstandighede en die kwaliteit van werk het verbeter.

Mense uit verskillende kultuurgroepe is met mekaar versoen en het saam die Here gedien en mekaar in liefde aanvaar. Slegte skuld is afbetaal. Jeugmisdaad, seksuele losbandigheid, drankmisbruik en vloekery het drasties afgeneem. Tronke het stadigaan leeg geraak, want misdadigers het tot bekering gekom.

In Stellenbosch het 'n kerkbulletin aangekondig: 'die totale gemeenskap is verander, ja letterlik omgekeer!'

Opsommend

Die 1860 herlewing was die grootste en kragtigste herlewing in die geskiedenis van Suid-Afrika. Dit het die pad oopgebreek vir verskeie herlewings wat daarna gekom het. Dit het ‘n grondslag gelê vir ‘n sterk sendingbeweging. Dit was veral die NG Kerk wat in die volgende 150 jaar die sterkste sendingaksies gehad het. Hoewel die herlewing ‘n effek op die Zoeloes en Xhosas gehad het, was die effek van die herlewing veral sigbaar onder die Blankes en Kleurlinge in die Wes- en Suid-Kaap.

Die pad vorentoe

Wanneer ‘n mens hierdie verhale lees, kom jy onder die indruk van die krag van die Heilige Gees. Ons leef in ‘n tyd waar kragteloosheid in die kerk as't ware as 'normaal' beskou word omdat ons so gewoond geword het daaraan. Ons probeer om met kursusse en programme die werk van God in die koninkryk van God te doen en lewe in die kerk te blaas. Daar is natuurlik geen probleem met kursusse en programme nie, maar dit kan nooit die krag, vervulling en die salwing met die Heilige Gees vervang nie.

Ons het iets anders en meer as blote 'vernuwing' nodig. Nuwe strukture en die gebruik van nuwe tegnologie (o.a. die internet, Face Book, Twitter, ens.) kan nie die plek van die krag van die Heilige Gees vervang nie. En ongelukkig dink mense dikwels dit kan.

Die doel van hierdie kort beskrywing oor die wêreldwye herlewing van 1857-1862 is om ons daaraan te herinner dat God meer kan doen as wat ons kan bid of dink. Wanneer ‘n mens ooggetuie verslae van hierdie herlewing lees, is dit duidelik dat mense destyds totaal verbysterd gestaan het oor die krag van God. Vandag ken ons dit feitlik nie meer nie, o.a. omdat ons die onnatuurlike toestand van die kerk as natuurlik begin aanvaar het.

Mag daar *‘n heilige onvergenoegdheid* by ons kom wat sal uitroep tot God vir wie niks onmoontlik is nie: dat Hy weer sal kom soos in die verlede en die kerk met Sy teenwoordigheid en die krag van die Heilige Gees sal vul.

Een ding weet ek: wanneer God Sy Gees in Suid-Afrika sal begin uitstort (soos in Hand.4:29-31 en in die herlewing van 1860), sal geen kerkgebou in hierdie land groot genoeg wees om die mense wat sal kom, te huisves nie. Die mag van sonde sal breek en ongereddes sal in hulle tienduisende na God kom, synde met of sonder prediking, met of sonder programme, met of sonder die gebruik van nuwe tegnologie, die verstaan van “nuwe tendense” of die dra van *T-shirts* en die gebruik van generasie-relevante musiek!

Kyk weer na die 1857-1862 herlewing en dink dan aan die toestand van die verskillende lande voordat die herlewing uitgebreek het:

- Let op die geestelike toestand van Amerika, Skotland, Wallis, Ierland en Suid-Afrika. Die geestelike en sosiaal-maatskaplike toestand van ‘n land beperk nie die krag van God nie en ook nie wat God in so ‘n situasie kan en wil doen nie.
- Let op die plek van gebed binne hierdie herlewing.
- Let op die diepe oortuiging van sonde wanneer God begin werk. Vergelyk dit met wat in ons dag as herlewing beskryf word.
- Let op die vrug van hierdie herlewing – die sosiaal-maatskaplike toestand in die land het drasties verander; daar was weer krag en lewe in die kerk en die kerk het begin om sy basiese opdrag uit te voer nl.: die opdrag van sending, die uitreik na die nood van die armes en die opbou van die gelowiges vir hulle dienswerk.

Dit is nie moeilik om 'n vergelyking tussen die geestelike toestand van die kerk van vandag en die geestelike toestand in die kerke voor die herlewing 150 jaar gelede uitgebreek het, te tref nie. Die probleme is basies dieselfde, die oplossing ook.

Wat nou?

1. Jou eie verhouding met God

Elke individu moet op persoonlike vlak seker maak waar hy/sy met God staan. Die volgende is ‘n paar basiese vrae wat elkeen van ons vir onsself moet vra:

- Is daar onbelyde sonde in my lewe?
- Is daar enige twyfelagtige dinge of praktyke in my lewe?
- Is daar enige direkte opdragte in die Skrif wat ek nie uitvoer nie?
- Is ek bereid om Jesus onbeskaamd te bely?
- Leef ek Bybels-eties in die werkplek?
- Is ek vervul met die Heilige Gees en leef ek in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees?
- Verlang ek met my hele hart na herlewing in hierdie land?
- Wanneer gaan ek my plek as wagter op die muur vir die land inneem?

2. Begin bid

Alle herlewings in die geskiedenis word teruggevoer na tussen 1 en 8 mense wat saamgebid het. In antwoord op daardie gebede, het God herlewing gegee. In baie gevalle was dit veral jongmense wat begin bid het. Moet dus nie jouself gering skat omdat jy jonk is nie.

Begin deur minstens twee of drie keer ‘n week tyd te maak om vir herlewing te bid. Sit 20-30 minute opsy daarvoor. Begin met ‘n gebedsgroep. Begin een by jou werk, skool, universiteit of in jou gemeente. Roep tot God vir geestelike herlewing in jou gemeente, gemeenskap, by jou werk, universiteit of skool.

Kontak ‘n aantal ander gemeentes en kom ooreen om op gereelde basis saam te bid vir herlewing en dat God Sy Gees op die kerk sal uitgiet. Oorweeg ‘n 24/7 gebedswag. (Elke gemeente kan een dag per week die volle 24 uur neem om te bid. Een keer per maand of twee maande kan al die gemeentes ‘n volle week van 7 dae neem om dag en nag vir herlewing te bid.)

3. Versprei die boodskap

Moedig ander aan om oor herlewing te lees en praat met jou vriende daaroor. Gee hierdie boek en ander boeke oor herlewing vir ander om te lees.

4. Lees die Woord

Lees die Woord en soek die Here se aangesig om te hoor wat op Sy hart is en doen alles wat jy verstaan dat Hy vir jou sê.

5. Prediking

Daar was bykans geen herlewings sonder die kragtige verkondiging van die Woord nie. Wees ‘n duidelike en radikale getuie vir Jesus Christus. Staan by die beginsels van die Woord. Bid vir predikers en moedig hulle aan om die Woord radikaal en onverskrokke te preek.

Bronneverwysings

- The Ten Greatest Revivals Ever, Elmer Towns & Douglas Porter, Vine Books, 2000
- Revival Fire, Wesley Deuwel, Zondervan Publishing House, 1995
- The Fervent Prayer, James Edwin Orr, Moody Press, 1974
- The Power of Extraordinary Prayer, Robert O. Bakke, Crossway Books, 2000
- The New York City Noon Prayer Meeting, Talbot W. Chambers, Wagner Publications, 2002
- Oliver Price, International Revival Network: www.openheaven.com
- Evangelical Awakenings in Africa, J. Edwin Orr, Bethany House Publishers, 1975
- Breath from Heaven, Ken Terhoven, Struik Christian Books, 1989
- South Africa's Forgotten Revival, Olea Nel, Xulon Press, 2008
- Die Wonder van Herlewing, Dr. M.W. Retief, Hart-Uitgewers, 1976
- Great Revivals, Colin Whittaker, Victor (Kingsway Publications), 2005
- Revival comes to Wales, Eifion Evans, Evangelical Press of Wales, 1995